**Die siele van gelowiges regeer saam met Christus vir 1000 jaar**

**Openbaring 20:4-6**

**29 November 2020**

1. Vorige week: Satan is gebind met Jesus se eerste koms, vir 1000 jaar, waarna hy 'n kort rukkie losgelaat sal word. Sy binding beperk wat hy kan vermag.
2. Wanneer realiseer die inhoud van die visioen?
    a. Gedurende die 1000 jaar, beginnende met Jesus se eerste koms
    b. Eindig wanneer Satan losgelaat word
        i. Met die oorlog – Op 20:8, vgl Op 11:7, Op 16:4
        ii. Kort voor die wederkoms
    c. 1000 jaar = 10x10x10 jaar
        i. Vgl met kort lyding (Op 2:10), kort periode van kerk se "dood" (Op 11:11), vinnige val van Babilon (Op 18)
        ii. 1000 jaar is dus meer heerlik (en langer) as hierdie periodes
3. Waar realiseer hierdie visioen?
    a. Waar daar trone is – in Openbaring is trone altyd in die hemel (met uitsondering van Op 2:13 – troon van die Satan), kyk na Op 4-5.
    b. Siele van mense wat onthoof is – dus na hulle fisiese afsterwe, voor hulle fisiese opstanding
    c. Regeer saam met Christus – wat tydens hierdie periode in die hemel is
4. Wie is dit wat saam met Christus regeer?
    a. Die wat onthoof is omdat hulle getrou was = martelare
    b. Die wat nie dier en sy beeld aanbid het nie = waar van bg martelare, maar ook waar van alle gelowiges
    c. Keuse: Net martelare wat ook nie die dier aanbid het nie? Of martelare plus die wat nie die dier aanbid het nie, dus alle gelowiges? Moet alle gelowiges wees, want:
        i. Priesters en konings – vgl Op 1:6, 5-9-10
        ii. Almal wie se name in die boek van die lewe is – Op 20:14-15
        iii. Alle gelowiges behoort lyding a.g.v. hulle getrouheid te ervaar
    d. Deel aan eerste opstanding, maar nie aan tweede dood nie
        i. Tweede dood = vuurpoel-dood, ewige geestelike dood, slegs ongelowiges
        ii. Eerste dood = fisiese/liggaamlike dood, gelowiges en ongelowiges
        iii. Eerste opstanding = geestelike opstanding, slegs gelowiges
        iv. Tweede opstanding = fisiese/liggaamlike opstanding, gelowiges en ongelowiges
            - Kyk na: Rom 6:4-5, Joh 5:24-29
5. Wat is die gevolg vir die wat saam met Christus regeer?
    a. Hulle is geseënd en heilig – Op 19:9, Op 6:11
    b. Hulle is vry van die tweede dood – geen besorgdheid oor moontlike vuurpoel-dood nie
    c. Hulle is priesters vir God en Christus – Op 7:9-10, 14:2-3, 15:2-4, 19:1-8
    d. Hulle heers saam met Christus, as konings – Op 19:14, 6:10